

NASIENRIGLYNE

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT
GRAAD		12
DATUM		MEI/JUNIE 2025
VAK		GESKIEDENIS
VRAESTEL		1
PUNTETOTAAL		150
TYDSDUUR (UUR)		3
AANTAL BLADSYE		29



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

FINAAL GOEDGEKEURDE NASIENRIGLYNE

VERGADERINGSDATUM	
UMALUSI-MODERATOR	
HOOFNASIENER	
INTERNE MODERATOR	



1. BRONGEBASEERDE VRAE

1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

KOGNITIEWE VLAKKE	HISTORIESE VAARDIGHEDDE	GEWIGTOEKENNING VAN VRAE
VLAK 1	• Onttrek bewyse uit bronne. • Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne. • Definieer historiese konsepte/terme.	30% (15)
VLAK 2	• Interpretasie van bewyse uit bronne. • Verduidelik inligting wat uit bronne versamel is. • Ontleed bewyse uit bronne.	40% (20)
VLAK 3	• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne. • Skakel met bronne om hul bruikbaarheid, betroubaarheid, vooroordeel en beperkings te bepaal. • Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe wat in bronne aangebied word en maak onafhanklike gevolgtrekkings.	30% (15)

1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word aan enige ander geldige en relevante standpunte, argumente, bewyse en/of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet klem gelê word op hoe die vereistes van die vraag aangespreek is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede wat aangespreek moet word) asook die vlak van die vraag in kursief aangedui.

1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae:

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die punteskema, bv. (2 x 2) wat na twee redes vertaal en elk twee punte kry (✓✓✓✓); (1 x 2) wat na een rede vertaal en twee punte kry (✓✓).
- As 'n vraag 4 punte dra, dui dan aan deur 4 regmerkies te plaas (✓✓✓✓).

1.4 By die nasien van vrae oor ondersteuning/ooreenkomste kan die antwoord wees:

- Dit wys/Dit dui aan/Beide bronne ...
- Maar in gevalle van verskille tussen bronne, moet die antwoord wees: In Bron A ..., maar in Bron B ...



1.5 PARAGRAAFVRAAG

Paragrafe moet globaal (holisties) geassesseer word. Beide die inhoud en struktuur van die paragraaf moet in ag geneem word wanneer 'n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (●) by elke punt in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag aan te spreek.
- Lees die paragraaf weer om te evalueer tot watter mate die kandidaat relevante bewyse kon gebruik om 'n paragraaf te skryf.
- Dui aan die einde van die paragraaf die regmerkies (✓) wat aan die kandidaat vir die paragraaf toegeken is, aan asook die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek en 'n kort opmerking, bv.

_____ ● _____ ● _____
 _____ ● _____ ● _____
 _____ ● _____ ● _____
 ✓✓✓✓

Vlak 2

- Meestal relevante bewyse is gebruik om 'n basiese paragraaf te skryf.

Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vraag en skryf dan die punt in die regterkantse kantlyn onder, bv.

$\frac{32}{50}$

- Maak seker dat die totale punt akkuraat na die voor-/agterblad van die antwoordskrif oorgedra word.

2. OPSTELVRAE

2.1 Die opstelvrae vereis van kandidate om:

- In staat te wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te struktureer. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en verbande lê sodat hulle 'n redelike volgorde van feite, of 'n doeltreffende argument kan aanbied om die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde versameling bewyse, en 'n gevolgtrekking/ afronding het.



2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet bewus wees dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by die sentrum gebruik word.
- Kandidate mag enige ander relevante inleiding en/of slot hê as dié wat in 'n spesifieke opstelnasienriglyn vir 'n spesifieke opstel ingesluit is.
- Wanneer oopeinde-brongebaseerde vrae geassesseer word, moet kandidate krediet vir enige ander relevante antwoorde kry.

2.3 Globale assessering van die opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die algehele produk moet bepunt, sonder om die samestellende dele afsonderlik aan te teken. Hierdie benadering moedig die kandidaat aan om 'n individuele mening te gee deur geselekteerde feitelike bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die kandidaat verwag word om 'feite' bloot te herhaal om 'n hoë punt te behaal nie. Hierdie benadering ontmoedig kandidate om 'model'-antwoorde voor te berei en dit weer te gee sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van die opstel gee krediet aan kandidate se menings wat deur bewyse ondersteun word. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendheid nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie van 'n argument.
- Die toepaslike keuse van feitelike bewyse om so 'n argument te ondersteun.
- Die kandidaat se interpretasie van die vraag.

2.4 Assesseringsprosedures vir die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis/oorsig in gedagte wanneer die opstel geassesseer word.

2.4.2 Tydens die eerste lees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), elk van die hoofpunte/-aspekte wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur kolpunte in die nasienriglyn/memorandum) en 'n relevante gevolgtrekking/afronding (aangedui deur 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum), bv. in 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar 7 regmerkies wees.



2.4.3 Die volgende bykomende simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, kernaspekte en slot nie behoorlik gekontekstualiseer nie

Λ

• Verkeerde stelling	_____
• Irrelevante stelling	
• Herhaling	R
• Analise	A ✓
• Interpretasie	1 ✓

2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik die matriks in die nasien van die opstelle.

By die nasien van opstelle moet die kriteria soos in die matriks verskaf, gebruik word.

Let op die inhoud en aanbieding wanneer u die opstel assesseer. By die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe bevoegdheidsvlakke, moet 'n punt toegeken word.

- (a) Die eerste lees van die opstel sal wees om te bepaal na watter mate die hoofaspekte gedek is en om die **inhoudvlak** (op die matriks) toe te ken.

C	VLAK 4	

- (b) Die tweede lees van die opstel sal verband hou met die vlak (op die matriks) van **aanbieding**.

C	VLAK 4	
P	VLAK 3	

- (c) Ken 'n algehele punt toe met die gebruik van die matriks.

C	VLAK 4	}26–27
P	VLAK 3	



GLOBALE ASSESSERING VAN OPSTELLE:

TOTALE PUNTE: [50]

AANBIEDING → ↓ INHOUD	VLAK 7	VLAK 6	VLAK 5	VLAK 4	VLAK 3	VLAK 2	VLAK 1
	Baie goed beplan en gestruktureer Goeie sintese van inligting. Het 'n oorspronklike, goed gebalanseerde en onafhanklike argumentasie met die gebruik van bewyse ontwikkel, die argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekkings word gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.	Baie goed beplande en gestruktureer-de opstel. Het 'n relevante argumentasielyn ontwikkel en gebruik om die argument te verdedig. Pogings om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die getuienis te maak om die argument te ondersteun.	Goed beplande en gestruktureerde opstel. Pogings om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die getuienis om die argument te ondersteun.	Het 'n argument beplan en saamgestel. Bewyse word tot 'n mate gebruik om die argument te ondersteun. Gevolgtrekkings bereik op grond van bewyse.	Toon 'n paar bewyse van 'n beplande en gekonstrueerde argument. Pogings om 'n argument te handhaaf. Gevolgtrekkings nie duidelik deur bewyse ondersteun nie.	Pogings om 'n antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend, of 'n poging om 'n argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.	Min of geen poging om die opstel te struktureer nie.
VLAK 7 Vraag is volledig beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot die argument.	47–50	43–46					
VLAK 6 Vraag beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot die argumentasielyn.	43–46	40–42	38–39				
VLAK 5 Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant.	38–39	36–37	34–35	30–33	28–29		
VLAK 4 Vraag is herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante inhoudseleksie.			30–33	28–29	26–27		
VLAK 3 Inhoudseleksie hou wel verband met die vraag, maar beantwoord dit nie, of hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings in dekking.				26–27	24–25	20–23	
VLAK 2 Vraag onvoldoende aangespreek. Skraal inhoud.					20–23	18–19	14–17
VLAK 1 Vraag onvoldoende aangespreek of glad nie. Onvoldoende of irrelevante inhoud.						14–17	0–13

* Riglyne vir die toekenning van 'n punt vir VLAK 1.

- Vraag glad nie aangespreek nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemeen irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag onvoldoende aangespreek en vaag; geen poging om die opstel te struktureer nie = 7–13



	Vlak 1	Vlak 2	Vlak 3
	Onttrek bewyse uit bronne. Seleksie en organisering van relevante inligting uit bronne. Definieer historiese konsepte.	Interpretasie. Verstaan bron en skrywer se mening. Eenvoudige vergelyking. Verduidelik historiese konsepte.	Interpreteer en evalueer. Raak betrokke by bevooroordeeldheid, betroubaarheid, bruikbaarheid. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasies.
KABV	30%	40%	30%
1.1.1	3		
1.1.2	1		
1.1.3	2		
1.1.4 a)		2	
b)		2	
c)		2	
1.2.1	3		
1.2.2		2	
1.2.3	1		
1.2.4		4	
1.2.5		4	
1.3.1	2		
1.3.2		2	
1.3.3			4
1.4.1	1		
1.4.2	1		
1.4.3		2	
1.5			4
1.6			8
	28%	40%	32%
2.1.1	1		
2.1.2	2		
2.1.3		2	
2.1.4		4	
2.1.5	2		
2.2.1	2		
2.2.2		2	
2.2.3		4	
2.2.4		4	
2.3.1	2		
2.3.2	3		
2.3.3		4	
2.3.4			4
2.4.1	1		
2.4.2	1		
2.5			4
2.6			8
	28%	40%	32%
3.1.1	3		
3.1.2	2		
3.1.3	1		
3.1.4	3		
3.1.5		4	
3.2.1	1		
3.2.2		2	
3.2.3	2		
3.2.4		4	
3.2.5	2		
3.3.1		4	
3.3.2		2	
3.3.3			4
3.4.1		2	
3.4.2		2	
3.4.3			4
3.5			8
	28%	40%	32%



AFDELING A

VRAAG 1: HOE HET DIE VERDELING VAN BERLYN DIE SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE VERSKERP NÁ DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG?

1.1

1.1.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]

- “die Verenigde State”
- “Groot Brittanje ...”
- “die Sowjetunie” (3x1)(3)

1.1.2 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]

- “... Wat die Geallieerdes egter nooit beoog het nie, was dat hul tydelike oplossing om Duitsland in vier besettingsones te organiseer, elk deur ’n ander geallieerde leer geadministreer, uiteindelik tot ’n verdeelde Duitsland sou lei.” (1x1)(1)

1.1.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]

- “... die Duitse ekonomie en die regering in puin”
- “... om ’n vreedsame oorgang na ’n post-Nazi-staat te verseker” (2x1)(2)

1.1.4 [Definieer ’n begrip uit Bron 1A – Vlak 2]

- a) Om ’n staande weermag van ’n gebied in Oos-Duitsland te verwyder. (1x2)(2)
- b) Om demokratiese beginsels in Oos-Duitsland bekend te stel soos verkose regering, politieke vryheid. (1x2)(2)
- c) Duitsland/Verwydering van die idees van Hitler in Oos-Duitsland. (Enige 1x2)(2)

[12]

1.2

1.2.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]

- “... die Verenigde State,”
- “Groot Brittanje”
- “... Sowjetunie.” (3x1)(3)

1.2.2 [Interpretasie van bewyse van Bron 1B – Vlak 2]

- ’n Finale eis of stelling van terme, waarvan die weiering daarvan sal aanleiding gee tot vergelding of die ineenstorting van verhoudinge tussen die VSA en die Sowjetunie.
- ’n Bevel wat die Westerse Magte ses maande sal gee om in te stem om te onttrek van Berlyn en dit te bevry en ’n stad sonder enige militêre teenwoordigheid te wees. (1x2)(2)



1.2.3 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]

- “... diep binne Oos-Duitse gebied geleë” (1x1)(1)

1.2.4 [Interpretasie van bewyse van Bron 1B – Vlak 2]

- Die Sowjetunie wou die hele Berlyn onder kommunistiese bewind verenig.
- Om die Oos-Berlyners te beskerm teen blootstelling aan kapitalisme en hulle invloed.
- Enige ander relevante antwoord. (2x2)(4)

1.2.5 [Interpretasie van bewyse van Bron 1B – Vlak 2]

- Die Sowjetunie en die Oos-Duitse regering het baie spandeer om kommunisme in Oos-Duitsland te beskerm en in stand te hou.
- Duisende Oos-Duitsers het oorgeloop na die Weste, wat 'n vaardigheidsverlies in Oos-Duitsland veroorsaak het.
- Wes-Berlyn het 'n ekonomiese oplewing beleef, wat nie die geval in Oos-Berlyn was nie, en dit het kapitalisme aantreklik gemaak vir die Oos-Berlyners.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

[14]

1.3

1.3.1 [Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]

- “Britse sektor”
- “Franse sektor”
- “Amerikaanse sektor”
- “Sowjet-sektor” (Enige 2x1)(2)

1.3.2 [Interpretasie van bewyse van Bron 1C – Vlak 2]

- Hulle was almal demokratiese lande wat 'n kapitalistiese ekonomie gehad het.
- Hulle wou verenig teen hulle kommunistiese buurman en 'n verenigde front teen kommunisme vorm.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2)(2)



1.3.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1C – Vlak 3]*

Bruikbaar

- Dit wys hoe Duitsland en Berlyn verdeel is ná die Tweede Wêreldoorlog.
- Dit wys die posisie van waar Berlyn op die kaart is.
- Enige ander relevante antwoord.

Nie-bruikbaar

- Daar is min inligting op die kaart oor die verdeling van Duitsland.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

[8]

1.4

1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – Vlak 1]*

- “13 Augustus 1961”

(1x1)(1)

1.4.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – Vlak 1]*

- “Nikita Khrushchev”

(1x1)(1)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 1D – Vlak 2]*

- Die Sowjetunie en kommunisme sal nie slaag deur die Berlynse Muur om die mense te bou nie.

(1x2)(2)

[4]

1.5 *[Vergelyking van bewyse van Bronne 1B en 1D – Vlak 3]*

- Albei bronne is die VSA se perspektief op die Berlynse Krisis.
- Bron 1B verwys na Khrushchev se toespraak waarop hy aandrang dat die Westerse Magte hulle weermag uit Wes-Berlyn verwyder en in Bron 1D, is Khrushchev besig om te dreig om 'n vredesverdrag met Oos-Berlyn te teken.
- Volgens Bron 1B het die spanning tussen die VSA en die Sowjetunie verskerp nadat Khrushchev gedreig het om toegang vir die Westerse Magte af te sny, en volgens Bron 1D het spanning verhoog toe Kennedy die president van die VSA geword het.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

[4]



1.6 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Ná die Tweede Wêreldoorlog, wou die Groot Drie – die VSA, Groot Brittanje en die Sowjetunie die oplewing van nasionalisme in Duitsland keer. (Bron 1A)
- Duitsland is tussen die oorwinnaars in vier sones verdeel, en die hoofstad Berlyn is in vier sektore verdeel. (Bron 1C)
- Duitsland is demilitariseer, demokratiseer en denazifiseer. (Bron 1A)
- Die westelike deel van Duitsland het ekonomiese vooruitgang geniet en sukses beleef in vergelyking met die Ooste. (Eie kennis)
- Duisende Oos-Duitsers het oorgeloop na Wes-Berlyn – dit het 'n vaardigheidsverlies in Oos-Berlyn veroorsaak. (Eie kennis)
- In November 1958 het Khrushchev daarop aangedring dat die Weste hulle weermag uit Wes-Berlyn onttrek. (Bron 1B)
- Sommige Oos-Berlyners het verkies om onder kommunistiese bewind te bly. (Bron 1B)
- Die Weste wou verseker dat Wes-Berlyn nie oorgeneem word deur kommunisme nie. (Eie kennis)
- Spanning tussen die VSA en die Sowjetunie het toegeneem toe Kennedy President geword het en toe Khrushchev gedreig het om 'n vredesverdrag met Oos-Duitsland te teken. (Bronne 1B en 1D)
- 1961 het die Duitse weermag 'n doringdraadmuur gebou om die twee Berlyne te skei, later het dit die Berlynse Muur geword. (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. toon geen of min begrip dat die verdeling van Berlyn die spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verskerp het ná die Tweede Wêreldoorlog. • Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie.	Punte: 0–2
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. toon 'n mate van begrip dat verdeling van Berlyn die spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verskerp het ná die Tweede Wêreldoorlog. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	Punte: 3–5
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. wat 'n deeglike begrip toon dat die verdeling van Berlyn die spanning tussen die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie verskerp het ná die Tweede Wêreldoorlog. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui.	Punte: 6–8

[8]

TOTAAL VRAAG 1: [50]



VRAAG 2: HET DIE SUID-AFRIKAANSE BETROKKENHEID IN DIE ANGOLESE OORLOG DIE MPLA VERHOED OM 'N KOMMUNISTIESE REGERING IN ANGOLA TE VESTIG NÁ DIE ONAFHANKLIKHEID VAN PORTUGAL IN 1975?

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*

- “11 November 1975” (1x1)(1)

2.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*

- “..., sterk beïnvloed deur regsgeoriënteerdes in die VSA-administrasie.” (1x2)(2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2A – Vlak 2]*

- Oorlog tussen die verskillende bevrydingsbewegings in Angola sal volle beheer van die land neem ná onafhanklikheid.
- 'n Uitgerekte gewapende konflik tussen die MPLA, 'n kommunistiese gewapende organisasie en die ander groepe, meer prominent die anti-kommunistiese groepe UNITA en FNLA.
- Enige ander relevante antwoord. (1x2)(2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2A – Vlak 2]*

- Die MPLA is ondersteun deur die Sowjetunie en Kuba wat almal hulle beywer het vir 'n kommunistiese regering in Angola.
- UNITA en FNLA is ondersteun deur Suid-Afrika en die VS, wat hulle beywer het vir anti-kommunisme in Angola. (2x2)(4)

2.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]*

- “... Kuba”
- “... Suid-Afrika” (2x1)(2)

[11]

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – Vlak 1]*

- “... botsings tussen die MPLA en UNITA by Ruacana ...”
- “... die intimidasie van werkers op die skema aangemeld.” (2x1)(2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2B – Vlak 2]*

- Suid-Afrika se bedoeling was 'n verskoning om toe te tree deur die weermag te gebruik.
- Die regte bedoeling was om 'n strategiese posisie te verseker om die anti-kommuniste te ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1x2)(2)



2.2.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2B – Vlak 2]*

- Om internasionale veroordeling en diplomatieke uitkomst te verhoed deur te beheer hoe Suid-Afrikaanse militêre betrokkenheid uitgebeeld word.
- Beperking van inligting om verdere vermeerdering van die konflik te stop.
- Voorkoming dat inligting kan uitlek wat die militêre operasies en strategiese voordele aan die vyand kan weggee.
- Om plaaslike publieke kritiek teen militêre aksie te vermy.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2B – Vlak 2]*

- Die bevestiging van Suid-Afrika se militêre betrokkenheid in Angola was verdag want Vorster wou dit nie prontuit sê nie.
- Die pers was beheer deur die Suid-Afrikaanse regering in die bekendstelling van inligting.
- Die Portugese het die beheer van inligting ondersteun.
- Die doel was om militêre aksie deur die Suid-Afrikaanse weermag in Angola te regverdig.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

[12]

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – Vlak 1]*

- “Die Kubane het geveg vir die Sowjet-ondersteunde MPLA ...”

(1x2)(2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – Vlak 1]*

- “Soldaat Joe Durudi”
- “Lt. Selso Caldez”
- “Dusentes Rodriguez Garcia”

(3x1)(3)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2C – Vlak 2]*

- Om te dien as bewys dat die Kubaanse weermag in die Angolese Oorlog deelgeneem het.
- Dat UNITA die Kubaanse huursoldate gevang het.
- Die Kubane het die MPLA ondersteun.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)



2.3.4 *[Toets die betroubaarheid van bewyse van Bron 2C – Vlak 3]*

- Dit is 'n oorspronklike/primêre bron.
- Daar is bewyse van soldate wat wapens dra, om te wys daar was 'n oorlog.
- Die kleredrag is van die 1970's se mode, Angolese Oorlog het in 1975 gebeur.
- Die huursoldate het name.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

[13]

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]*

- "... dit is ook deur Kissinger en sy Adjunk-minister van Buitelandse Sake duidelik gestel."

(1x1)(1)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse van Bron 2D – Vlak 2]*

- "... Eerste Minister Vorster ..."

(1x1)(1)

[2]

2.5 *[Vergelyking van bewyse van bronne – Vlak 3]*

- Bron 2C is 'n foto/oorspronklike bron deur Silva Porto geneem, en wys drie Kubaanse soldate wat gevange geneem is deur UNITA. Bron 2D is 'n geskrewe bron waar 'n joernalis 'n onderhoud met Eerste Minister Vorster voer oor Suid-Afrika se betrokkenheid in die Angolese Oorlog.
- Bron 2C verduidelik dat die Kubaanse huursoldate ondersteun word deur die Sowjet-ondersteunde MPLA, en Bron 2D dui aan dat Suid-Afrika tot die Angolese Oorlog toegetree het om te keer dat kommuniste (die Sowjets) en die Kubane Angola beset.
- Enige ander relevante antwoord.

(2x2)(4)

[4]



2.6 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Gedurende kolonialisasie het die Suid-Afrikaanse regering goeie verhoudinge met die Portugese regering in Angola gehad – die konstruksie van die Kunene hidro-elektriese kragstasie. (Eie kennis)
- Angola is in November 1960 onafhanklikheid gegee, met 'n koalisieregering gelei deur die MPLA. (Bron 2A)
- Die Sowjetunie het militêre toerusting aan die MPLA gestuur. (Bron 2A)
- MPLA was 'n Sowjet-ondersteunde regering, en Kubaanse militêre magte was gestasioneer in Luanda om die nuwe regering te beskerm. (Bron 2A)
- Die teenwoordigheid van Kubaanse huursoldate in Angola het Suid-Afrika bedreig. (Bron 2A)
- Suid-Afrika se militêre mag het die grens oorgesteek om orde te herstel. (Bron 2B)
- Die Suid-Afrikaanse Eerste Minister het geëis dat die Suid-Afrikaanse Weermag Angola binnegaan want Kuba en die Sowjetunie was teenwoordig in Angola. (Bron 2D)
- Vorster was bevrees dat die Sowjetunie en Angola 'n kommunistiese staat langs Suid-Afrika sal stig met die MPLA aan bewind en nooit Suider-Afrika sal verlaat nie, wat 'n bedreiging is vir Suid-Afrika se onafhanklikheid. (Bron 2D)
- Kuba bied ondersteuning aan die MPLA om Angolese onafhanklikheid en bevryding te verseker. (Bron 2C)
- Kuba het ook burgerlikes gestuur om te help. (Bron 2C)
- Kuba het dokters, onderwysers en ingenieurs gestuur om Angola ná onafhanklikheid op te bou. (Eie kennis)
- Suid-Afrika beweer dat hulle nie in die oorlog betrokke is nie. (Eie kennis)
- Maar was teenwoordig om hulle belange in die hidro-elektriese skema by die Calueque Dam te beskerm en die werkers te beskerm/te keer dat SWAPO maklike toegang in Suidwes-Afrika kry/om te keer dat Angolese vlugteling na Suid-Afrika vlug/UNITA en FNLA het gevra dat Suid-Afrika hulle help teen die kommuniste. (Bron 2D)
- Buitelandse inmenging het die burgeroorlog in Angola uitgerek. (Eie kennis)
- Buitelandse inmenging het veroorsaak dat Angola 'n volmagoorlog ('proxy'-oorlog) in die Koue Oorlog/brandpunt gedurende die Koue Oorlog word. (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord.



Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. toon geen of min begrip van hoe Suid-Afrika se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog die MPLA verhoed het om 'n kommunistiese regering in Angola ná onafhanklikheid van Portugal in 1975 te stig. • Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie.	Punte: 0–2
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. toon 'n mate van begrip van hoe Suid-Afrika se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog die MPLA verhoed het om 'n kommunistiese regering in Angola ná onafhanklikheid van Portugal in 1975 te stig. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	Punte: 3–5
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. wat 'n deeglike begrip toon van hoe Suid-Afrika se betrokkenheid in die Angolese Burgeroorlog die MPLA verhoed het om 'n kommunistiese regering in Angola ná onafhanklikheid van Portugal in 1975 te stig. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui.	Punte: 6–8

[8]

TOTAAL VRAAG 2: [50]



VRAAG 3: HOE HET DIE SELMA-MONTGOMERY-OPTOGTE DIE ONTNEMING VAN STEMREG VAN AFRO-AMERIKANERS GEDURENDE DIE BURGERREGTEBEWEGING VAN DIE 1960's IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA UITGEDAAG?

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "... betaling van 'n stembelasting ..."
- "... slaag van 'n geletterdheidstoets ..."
- "... begrip van die grondwet" (3x1)(3)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "... geweier om die reg te hê om te kan stem." (1x2)(2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "... meer as 80% van Dallas County se swart bevolking onder die armoedegrens geleef." (1x1)(1)

3.1.4 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3A – Vlak 1]*

- "... staats- en plaaslike amptenare"
- "...die wit Burgerraad ..."
- "... die Ku Klux Klan." (3x1)(3)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse van Bron 3A – Vlak 2]*

- Die VS se Grondwet het nie die regte van die Afro-Amerikaners beskerm nie./Die Jim Crow-wette.
- Afro-Amerikaners is geklassifiseer as slawe in die oë van baie wit Amerikaners, soos Ku Klux Klan.
- Afro-Amerikaners is nie gesien as burgers van die VS nie, omdat hulle oorspronklik van Afrika was.
- Afro-Amerikaners was beskou as besittings van hulle wit eweknieë al was slawerny al lankal afgeskaf in die VS.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2x2)(4)

[13]

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse van Bron 3B – Vlak 1]*

- "... gedoen om sy charismatiese invloed by te voeg." (1x1)(1)



3.2.2 [Interpretasie van die bewyse van Bron 3B – Vlak 2]

- Die reg om te stem was geërf as burgers van die VS.
- Hulle kon dit nie forseer of afdwing nie want dis 'n reg wat hulle verdien het deur die grondwet van die land.
- Die reg om te stem was 'n outomatiese reg, solank jy 'n burger is.
- Enige ander relevante antwoord.

(1x2)(2)

3.2.3 [Onttrekking van bewyse van Bron 3B – Vlak 1]

- "... John Lewis ..."
- "... Hosea Williams ..."

(2x1)(2)

3.2.4 [Interpretasie van bewyse van Bron 3B – Vlak 2]

- Die staatspolisie het die betogers te perd gejaag en baie is beseer en kon nie beweeg nie.
- Ander is gehospitaliseer.
- 'n Tydelike hospitaal is opgerig om die beseerdes te help.
- Die insident is op Amerikaanse televisie uitgesaai en mense was geskok oor wat hulle gesien het.
- Jimmie Lee Jackson is deur die staatspolisie geskiet.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

3.2.5 [Onttrekking van bewyse van Bron 3B – Vlak 1]

- "Daardie Augustus het die Kongres die Stemregwet aanvaar."

(1x2)(2)

[11]

3.3

3.3.1 [Interpretasie van bewyse van Bron 3C – Vlak 2]

- Om te bevestig dat die staatspolisie gedurende die Selma-Montgomery-optog, die vreedsame betogers gewelddadig aangeval het sonder dat die betogers hulle uitgelok het.
- John Lewis, 'n ooggetuie, kon die gebeure van die dag herhaal.
- Om te bewys dat die betogers gewelddadig aangeval word.
- Om teen die staatspolisie te getuig wat beskerm word deur die goewerneur, wat sê dat hulle in self-verdediging gereageer het.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

3.3.2 [Interpretasie van bewyse van Bron 3C – Vlak 2]

- Die staatspolisie het die betogers op 7 Maart aangeval. (Bloedige Sondag)
- Enige ander relevante antwoord.

(1x2)(2)



3.3.3 [Vergelyk van Bron 3B en Bron 3C – Vlak 3]

- Bron 3B vergelyk die gebeure van 7 Maart 1965 en Bron 3C is 'n hofverhoor oor die gebeure van 7 Maart.
- In Bron 3B is John Lewis aangestel om die betoging te lei. In Bron 3C is hy die verweerder in 'n saak wat die gevolg was van die optog.
- Albei bronne wys hoe Afro-Amerikane geveg het om stemreg te kry.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

[10]

3.4

3.4.1 [Interpretasie van bewyse van Bron 3D – Vlak 2]

- Om te dien as bewys van die Selma-Montgomery-optogte van 1965.
- Om te wys hoe die Burgerregtebeweging Afro-Amerikaners bemoedig het om te veg vir stemreg.
- Om die onverskrokkenheid van die betogers te wys, te midde van die chaos en brutaliteit van die staatspolisie.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 1x2)(2)

3.4.2 [Interpretasie van bewyse van Bron 3D – Vlak 2]

- Afro-Amerikaners is burgers van die VS, daarom is hulle geregtig om politieke regte soos enige ander Amerikaners te hê.
- Die plakkaat wil hê dat rassediskriminasie teen Afro-Amerikaners stop.
- Enige ander relevante antwoord.

(1x2)(2)

3.4.3 [Toets die bruikbaarheid van bewyse in Bron 3D – Vlak 3]

- Dit is 'n oorspronklike/primêre bron. Dit is 'n foto wat op die dag van die optog geneem is.
- Dit wys die eise van die betogers.
- Die staatspolisie is teenwoordig by die betoging.
- Die bron wys die betogers as vreedsaam.
- Enige ander relevante antwoord.

(Enige 2x2)(4)

[8]



3.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit die relevante bronne – Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Selfs ná slawerny afgeskaf is in die VS, het segregasie voortgeduur/Afro-Afrikaners het min toegang gehad tot fasiliteite, onderwys, behuising en geleenthede. (Eie kennis)
- Afro-Amerikaners het nie stemreg gehad nie as gevolg van stemregbelasting/geletterheidstoetse/begrip van die grondwet. (Bron 3A)
- Hulle is geblok van kieserregistrasie deur die Ku Klux Klan (KKK) en ander staatsorganisasies. (Bron 3A)
- Afro-Amerikaners het deelgeneem aan baie optogte teen stemregontneming. (Bron 3A)
- In Januarie 1965 het die betogers die optog georganiseer na Selma-Montgomery deur Martin Luther King Jr. (Bron 3B)
- Die betogers het vreedsame optogte gebruik. (Bron 3B)
- Nog 'n optog was op 7 Maart georganiseer. John Lewis en Hosea Williams het die optogte gelei, hulle is gewelddadig behandel deur die staatspolisie. (Bron 3B)
- Gedurende die Selma-Montgomery-optog, is die betogers geslaan en traangas is gebruik. (Bronne 3B en 3C)
- Die dag is bekend as 'Bloedige Sondag'. (Bron 3B)
- 'n Saak is geopen om die insidente wat gelei het tot die skiet van die betogers te ondersoek. (Eie kennis)
- Die mense betoog weer op 21–25 Maart in Selma-Montgomery gelei deur Martin Luther King Jr. (Bron 3D)
- Betogers help om die atmosfeer te skep vir die aanvaarding van die Stemregwet wat die Afro-Amerikaners dieselfde reg as die wittes gee. (Bron 3B)
- Daardie Augustus is die Stemregwet aanvaar. (Bron 3B)
- Enige ander relevante antwoord.



Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse bv. toon geen of min begrip van hoe die Selma-Montgomery-optogte die ontneming van stemreg van die Afro-Amerikaners gedurende die Burgerregtebeweging van die 1960's in die VSA uitgedaag het. • Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf oor die onderwerp te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie.	Punte: 0–2
VLAK 2	• Bewyse is meestal relevant en hou verband met die onderwerp bv. toon 'n mate van begrip van hoe die Selma-Montgomery-optogte die ontneming van stemreg van die Afro-Amerikaners gedurende die Burgerregtebeweging van die 1960's in die VSA uitgedaag het. • Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.	Punte: 3–5
VLAK 3	• Gebruik relevante bewyse bv. wat 'n deeglike begrip toon van hoe die Selma-Montgomery-optogte die ontneming van stemreg van die Afro-Amerikaners gedurende die Burgerregtebeweging van die 1960's in die VSA uitgedaag het. • Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp aandui.	Punte: 6–8

[8]

TOTAAL VRAAG 3: [50]



AFDELING B: OPSTELLE

[Beplan, konstrueer en bespreek 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretatiewe vaardighede te gebruik.]

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Operasie Rolling Thunder was die enigste strategie wat die Verenigde State van Amerika gebruik het in die Viëtnam Oorlog tussen 1963 en 1975 om kommunisme te beheer.

Stem jy saam met die stelling? Gebruik die relevante historiese bewyse om jou argument te staaf.

SINOPSIS

Tydens die skryf van die opstel, moet kandidate 'n standpunt inneem.

INLEIDING

Die kandidate moet saamstem of nie saamstem nie en 'n rede gee vir die spesifieke standpunt wat hulle inneem.

KERNASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet hul argument stel oor die stelling en verduidelik hoe hulle die vraag gaan benader.

UITBREIDING

Agtergrond:

- In die middelpunt van die konflik was die begeerte van Noord-Viëtnam wat die **Franse koloniale administrasie** van Viëtnam in 1954 verslaan het, om die hele land te verenig onder 'n enkele kommunistiese regime gebaseer op dié van die Sowjetunie en China.
- By die Geneefse konferensie is Viëtnam tydelik **verdeel by die 17de parallele lyn** in Noord-Viëtnam, beheer deur die kommunistiese Viet Minh en Suid-Viëtnam, wat deur die VSA en Franse ondersteun is.
- Ngo Dinh Diem is ondersteun deur anti-kommunistiese lande veral die VSA.
- Die Nasionale Bevrydingsfront (NLF) – kommunisties-georiënteerd – met hulle eie opgeleide guerrillamagte, die Viëtkong en wat Ngo Dinh Diem teengestaan het, is gestig. Dit het die land in 'n **burgeroorlog** gedompel.
- Die Viëtkong is deur die **Chinese en die Sowjets** ondersteun.
- Die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam Oorlog, in wese 'n konflik tussen die Noorde en die Suide, het 'n stryd geword teen die wêreldwye verspreiding van kommunisme. Dit was 'n volmagoorlog ('proxy'-oorlog) gedurende die **Koue Oorlog** en deel van die Amerikaanse vaspenningsbeleid.
- **Die doel van die Noord-Viëtnamese en die Viëtkong**
- Die Viëtkong is verenig/patrioties/nasionaliste in die verdediging van hulle land **teen die VSA**.



- Die Viëtkong is ondersteun deur die Viët Minh, die bevrydingsweermag van Noord-Viëtnam.
- Die Viëtkong en die Viët Minh wou 'n verenigde, kommunistiese Viëtnam hê.
- Die Viëtkong het militêre opleiding van die Viët Minh gekry.
- Die Viëtkong het effektief gebruik gemaak van guerrilla-oorlogvoering teen die VSA deur die stel van lokvalle, ondergrondse tunnels, sabotasie en tref-en-hardloop-taktiek.
- **Sterk leierskap in die Viëtkong onder Giap**, het gelei tot verdedigende aanval op die VSA.
- **Die Tet-offensief (1968)** is begin deur Viët Minh en Viëtkong teen stedelike sentrums en die VSA-basisse regdeur Viëtnam.
- **Die plaaslike bevolking het die Viëtkong ondersteun** om hulle land te bevry.
- **Die Ho Chi Minh-roete** is gebruik deur Viët Minh (noord) om die Viëtkong in die suide te ondersteun.
- Die Viëtkong vermeerder hulle ondersteuningsbasis as gevolg van hulle taktiek teenoor die VSA-soldate.
- Die Viëtkong het ook meer ondersteuning van plaaslike mense ontvang omdat die VSA gesien is as buitelanders en die plaaslike mense het nie verstaan waarom hulle gewelddadig verskuif is na 'veilige dorpie' nie.
- Die Viëtkong het die dorpie geïnfiltreer, wat dit vir die VSA moeilik gemaak het om die vyand op te spoor. Die VSA het gereageer deur dorpie te deursoek deur geweld te gebruik. Hierdie aksie lei daartoe dat daar meer wantroue teen die VSA in Viëtnam was.

Amerikaanse inmenging:

- Tussen 1960 en 1963 het President Kennedy die 'veilige dorpie'- ('hamlet') stelsel begin. Dit het misluk, omdat die meeste van die Viëtkong-lede kleinboere was wat vanuit die dorpie gewerk het – neem beheer oor ongeveer 40% van die platteland.

Golf van Tonkin – Golf van Tonkin-resolusie:

- President Johnson het die VSA se betrokkenheid verhoog – teen 1967 was daar ongeveer 500 000 Amerikaanse troepe in Viëtnam.
- Die eskalasie van VSA-betrokkenheid plaas klem op 'n volmagoorlog ('proxy'-oorlog) binne die Koue Oorlog.
- Verskeie operasies is ingestel deur die VSA om die vooruitgang van die Viëtkong te stop.
- Operasie Rolling Thunder (April 1965) het ten doel gehad om die Viëtkong van hul steun in die noorde af te sny deur hawens, weermagbasisse en toevoerlyne te vernietig, maar dit kon nie die Viëtkong se wil om te veg of die vloe van mans en voorrade langs die Ho Chi Minh-roete stuit of verswak nie.
- **Chemiese oorlogvoering:** Agent Orange en Napalm het die VSA onpopulêr gemaak en baie lande het teen die VSA gedraai – dit het die omgewing beskadig.
- **Die Tet-offensief (1968)** – Die Viëtkong het 'n massiewe aanval op ongeveer honderd dorpe en stede, insluitend Saigon, sowel as twaalf VSA-lugbasisse van stapel gestuur. **Die Viëtkong kon 80% van alle dorpe en nedersettings verower.**



- Alhoewel die Viëtkong swaar verliese gely het en versuim het om 'n uitklophou te lewer, het dit getoon dat dit die vermoë gehad het om die middel van die VSA-beheerde gebied te tref. Dit het aan die Amerikaanse publiek gewys dat hulle nie die oorlog kon wen nie.
- Die VSA het jong en **onervare soldate** na Viëtnam gestuur.
- Die VSA gebruik die 'soek en vernietig'-strategie om dorpies en ondersteuning vir die Viëtkong te vernietig (byvoorbeeld My Lai-slagting) – guerrilla-taktiek het hulle verwar.
- Foto's van die My Lai-slagting is deur die media gebruik om Amerikaanse burgers bewus te maak van die gruweldade wat deur die VSA gepleeg is. Amerikaners die VSA se betrokkenheid bevraagteken omdat hulle as onderdrukkers gewys is.
- Die 'soek en vernietig'-strategie het tot die dood van baie burgerlikes gelei en tot groter ondersteuning vir die Viëtkong.
- Die guerillataktiek gebruik deur die Viëtkong en die ondervinding van die VSA-soldate het veroorsaak dat al hoe meer VSA-soldate doodgemaak is – het gelei tot anti-oorlogoptogte in die VSA.
- Televisienuusberigte (media-oorlog/eerste oorlog wat in die 'sitkamer' ingebring is), koerante en tydskrifte het beeldmateriaal gewys van voorvalle waar Viëtnamese burgerlikes deur Amerikaanse troepe (napalm-foto) vermoor is en gevolglik het **anti-oorlogsbewegings** ontwikkel. (Kent Staat-slagting/Anti-Viëtnam-oorlogveldtog)
- President Nixon se beleid van 'Viëtnamisering' – opleiding van die Suid-Viëtnamese en geleidelike onttrekking.
- Nog swaar bombardering van Noord-Viëtnam in 1970 – maar kon nie die Viëtkong stop nie/die Ho Chi Minh-roete vernietig nie.
- 1973-skietstilstand en die laaste Amerikaanse troepe word onttrek.
- In 1975 het President Ford alle VSA-personeel ontruim onder Operasie Frequent Wind.
- In 1975 het die kommunistiese Viëtkong oorwin; in 1976 is Viëtnam onder kommunistiese regering verenig. Die VSA het misluk om die uitbreiding van kommunisme te stuit.

SLOT

- Kandidate moet hulle argument saamvat in 'n relevante gevolgtrekking.
- Die VSA het op 8 Maart 1965 3 500 grondtroepe na Viëtnam gestuur.

[50]



VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Gee 'n kritiese bespreking van die politieke en ekonomiese uitdagings wat die Kongo moes hanteer ná die onafhanklikheid van België in 1961.

Gebruik relevante bewyse om jou standpunt te staaf.

SINOPSIS

Gee 'n kritiese bespreking van die politieke en ekonomiese uitdagings wat die Kongo beleef het ná die onafhanklikheid van België in 1961.

KERNASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

Inleiding: Kandidate moet bepaal of daar enige uitdagings in die Kongo was.

UITBREIDING

Politieke uitdagings – Sese Seko se leierskap:

- Die Kongo het onafhanklikheid van België verkry op 30 Junie 1960, met Joseph Kasavubu as president en Patrice Lumumba as die land se Eerste Minister. Kasavubu het verkies dat die Kongo 'n federale staat word terwyl Lumumba 'n sterk sentrale nasionale regering voorgestaan het/Lumumba was ook in konflik met Moïse Tshombe.
- Die Kongo het begin met politieke onstabiliteit – met Tshombe wat gefokus het op die afstigting van Katanga vir sy eie onafhanklikheid.
- Mobutu Sese Seko se regering het as 'n militêre regime begin ná 'n staatsgreep wat Kasavubu omvergewerp het in 1965.
- Sese Seko het beweer dat hy ten gunste van 'n demokrasie was, maar het as 'n diktator regeer.
- **Persoonlikheidskultus** – die inwoners van Zaïre is gedwing om na toesprake te luister.
- Hy het ontslae geraak van alle politieke partye behalwe sy eie, die Popular Movement of the Revolution (MPR) (eenpartystaat). Dit het die weg gebaan vir hom om die verkiesing in 1970 te wen, waar hy 'n sewejaartermyn gewen het.
- Daar was baie **menseregteskendings** en hy het sy vyande wreed onderdruk, byvoorbeeld deur openbare teregstellings.
- Hy het daarna gestreef om **nasionale eenheid** en trots te bevorder, 'n Zaïre-identiteit en -kultuur. Hy het die naam van die Kongo verander na die Republiek van Zaïre. Dit was die eerste stap om Europese invloed op die nasie te probeer verminder.
- Zaïre het betrokke geraak by die Angolese Burgeroorlog deur die verloorders te ondersteun. Zaïre het toegang tot die Benguela-spoorlyn nodig gehad. Dit het nie Zaïriërs bevoordeel nie, dit het die meeste fondse van daardie land gedreineer.
- Die lewe van gewone Zaïriërs het nie gedurende sy regering verbeter nie. Sy regering is gekenmerk deur wanbestuur van fondse en korrupsie.
- Sese Seko het sy naam verander sodat dit 'seëvierende krygsman wat van krag tot krag gaan' beteken het, en het 'n kultuspersoonlikheid ontwikkel (Mobutisme).



- Onder Sese Seko is daar ook na Zaïre verwys as 'n **kleptokrasie** (heerskappy deur diewe).
- Sese Seko het ook gedurig sy ministers en senior offisiere vervang of hulle posisies gereorganiseer, sodat niemand 'n bedreiging vir sy mag sou word nie. Hy het ook 'n gewoonte daarvan gemaak om sy senior amptenare af te dank en hulle sonder waarskuwing in die tronk te gooi.
- Sese Seko het 'n streng ekstreme beleid van Afrikanisering van die Kongo begin – **authenticité**. Hy het elke burger beveel om hul doopname na 'n Afrika-naam te verander.

Ekonomiese beleide:

- Sese Seko het die Kongo se ryk natuurlike hulpbronne gebruik om 'n broodnodige inkomste te verkry. Hy het buitelandse kopers verwelkom en die koper, kobalt, diamante en ander minerale teen gunstige pryse aan hulle verkoop.
- Sese Seko het die wins van die koper-uitvoere vir 'n tien-jaar industrialisasieprogram van die Kongo gebruik. Die Inga-dam, die wêreld se grootste hidro-elektriese dam, is in 1972 voltooi.
- Sese Seko het 'n **staalfabriek in Kinshasa** en 'n kraglyn van 1 786 km wat van die weste van die land tot in die Katanga-provinsie in die suidooste gestrek het, laat bou en geïnstalleer.
- Ná 'n besoek aan China in 1973 het Sese Seko gesê dat Zaïre groter onafhanklikheid van die Weste moet hê en met 'n proses van nasionalisering begin. Hy het die regering beveel om beslag te lê op 2 000 buitelandse maatskappye.
- Plantasies, plase, fabriekke en firmas wat die ekonomie aan die gang gehou het, is aan sy vriende en familie oorhandig, met hyself wat amper die helfte self besit het. **Besighede het bankrot gespeel** of is verwoes deur wanbestuur.
- Staatsamptenare is vir maande lank nie betaal nie – wend hulle tot korrupsie/verlenging van kleptokrasie.
- Zaïrenasie en die 'radikalisasie van die revolusie' wat nasionalisering van handel ingesluit het, het die chaos in alle sfere van die ekonomie vererger, korrupsie het infrastruktuur vernietig, en gelei tot die laagste lewenstandaard in die wêreld.
- Opkoms van die nuwe elite het gelei tot klasedifferensiasie.
- Die skielike daling in die internasionale vraag na koper in die 1970's het die Kongolese ekonomie drasties gedestabiliseer.
- Dit het duidelik geword dat die ekonomiese **beleid misluk het**, hy moes buitelandse beleggers terugnooi, die Wêreldbank het \$3 miljard aan Zaïre geleen. (Het afhanklik geword van buitelandse hulp.)
- Enige ander relevante antwoord.

SLOT

- Kandidate moet hulle argument saamvat in 'n relevante gevolgtrekking.

[50]



VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VAN DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagbeweging suksesvol was om 'n beweging te begin wat verskillend was van die Burgerregtebeweging om die lewens van Afro-Amerikaners in die VSA gedurende die 1960's te verander.

Gebruik relevante bewyse om jou standpunt te staaf.

SINOPSIS

In die skryf van die opstel moet kandidate verduidelik wat die verskil tussen die twee bewegings is en hoeveel impak die Swartmagbeweging op die lewens van Afro-Amerikaners in die VSA gedurende die 1960's gehad het.

KERNASPEKTE

Fokus op die beginsel tot watter mate die Swartmagbeweging die lewens van Afro-Amerikaners verander het.

UITBREIDING

- Die Burgerregtebeweging het rassiediskriminasie in die Suide beëindig maar het nie die rassiediskriminasie in die Noorde aangespreek nie.
- Vooroordeel het nie verdwyn met die nuwe wette (Burgerregwet en die Stemregwet) nie en Afro-Amerikaners het nog steeds rassiediskriminasie beleef.
- Die Afro-Amerikaners was laer as hulle wit eweknieë en hulle het hoër misdadaadysfers in hulle woonbuurte gehad. Baie Afro-Amerikaners het Martin Luther King Jr. se filosofie van geen geweld verwerp. Hulle het geglo 'n meer militante benadering was nodig om wit rassisme teen te staan en het die slagspreuk '**Swart Mag**' aangeneem.

Die rol van Malcolm X:

- **Malcolm X** was 'n welsprekende aktivis vir Swart Mag – hy het gesê dat hulle vir **gelyke regte** moes veg selfs al sou dit beteken dat hulle geweld moes gebruik. Jong stedelike Afro-Amerikaners was aangetrokke tot sy idees.
- Hy het geglo in selfrespek en selfdissipline.
- Hy doen 'n beroep op selfgeding en aggressiwiteit in hulle rewolusie teen onderdrukking bv. rasse-onluste in Watts, Detroit.
- Hy waarsku Afro-Amerikaners om op te staan teen wit outoritisme in die strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid op watter wyse ook al.
- Hy bevorder die gebruik van geweld as 'n vorm van selfverdediging teen wit aanvalle.
- Die Black Panthers is geïnspireer deur Malcolm X se geloof in eenheid tussen die internasionale werkersklas.
- Malcolm X het ook burgerregteleiers soos Stokely Carmichael geïnspireer.



Die rol van Carmichael:

- **Carmichael** het Swart Mag gedefinieer as 'n oproep vir swart/Afro-Amerikaanse mense in sy land om te **verenig**, om hul **erfenis** te erken, om 'n gevoel van **gemeenskap** te bou. Swart mense moet hul eie doelwitte definieer en hul eie organisasies lei.
- Die Swartmagbeweging het Afro-Amerikaners aangemoedig om hulle Afrika-herkoms te erken deur **Afro-haarstyle** en **Afrika-musiek en -kultuur aan te hang asook om oor die Afrika-geskiedenis te leer**.
- Hy het nie die BPP uitgevind nie maar dit gewild gemaak.
- 'Black is Beautiful' en 'Swart Mag' is slagspreuke wat gewild gemaak is deur Carmichael.
- Hy het die uitsluiting van wit liberaliste van die stryd voorgestaan.
- Hy is tot ere-eersteminister van die BPP verkies.
- **Die opkoms van die Black Panther-party. (BPP)**
- **Die BPP is gestig deur Bobby Seale end Huey Newton in 1966.**
- **BPP was betrokke in die instelling en ondersteuning van Black Power-programme bv. gemeenskapgebaseerde programme en voedingskemas (teen-armoede sentrums);** die begin van programme wat verantwoordelik was vir die beskerming van Afro-Amerikaners teen polisiebrutaliteit; gefokus het op sosio-ekonomiese omstandighede van Afro-Amerikaners en het deelgeneem aan verskeie gemeenskapsoorlewingsprojekte.
- **Die Tien Punte het gedien as 'n manifest wat die sosiale, politiese en ekonomiese doelwitte gedek het.**
- Die opkoms van Swart Mag as 'n **paralelle mag** langsaan die Burgeregtebeweging het begin gedurende die March Against Fear, 'n stemregoptog in Mississippi in Junie 1966/een-man-optog deur James Meredith.
- Baie in die hoofstroom wit gemeenskap het Black Panthers en Swartmagroepe in 'n negatiewe lig gesien, hulle is gesien as gewelddadig, anti-wit en anti-wet. Die BPP was betrokke by polisie-sketse in New York, Chicago. Die FBI het hulle as 'n bedreiging vir nasionale veiligheid gesien.
- In 1967 is Huey Newton gearresteer en die BPP het die 'Free Huey'-veldtog begin.
- Net so was Angela Davis 'n uitgesproke BPP-aktivis wat ook in hegtenis geneem is. Soortgelyke 'Free Angela'-veldtogte is gehou.
- Die BPP het die 'Gratis ontbyt vir kinders'-programme begin wat daartoe gelei het dat arm kinders elke dag kos ontvang het, klinieke vir volwassenes en kinders het gratis gesondheidsorg verskaf en 'n skema om swart leerders op skool te help is begin.
- Die BPP het 'n 10-puntprogram opgestel wat eise vir werkseleenthede, behoorlike behuising, beter onderwys en die beëindiging van polisiebrutaliteit ingesluit het.
- Die BPP het by 'n reeks onwettige praktyke betrokke geraak om fondse in te samel. Hulle was onder meer betrokke by 'n konfrontasie met die polisie waartydens 50 mense dood is.
- Die Swartmagbeweging was betrokke by onder andere rasse-onluste in Watts, Los Angeles, Newark, New Jersey en Detroit. Sulke onluste het talle dood en honderde beseer gelaat, asook groot skade en vandalisme aan eiendom veroorsaak.
- Dit het nie rassediskriminasie beëindig nie, maar wel 'n positiewe effek op **Afro-Amerikaanse selfvertroue en eiewaarde** gehad.
- Dit lei tot die '**Black is Beautiful**'-beweging en bevorder swart kuns en kultuur.



- Die Black Panther-party was nie die enigste rolspeler in die Swartmagbeweging nie.
- Alhoewel sommige historici redeneer dat Black Panther se gewelddadige vergelding die nodigheid vir verandering beklemtoon het en Johnson se hand forseer het om wetgewing ten gunste van die Burgerregtebeweging te verander, was die Amerikaanse regering meer gewillig om met die vreedsame Burgerregtebeweging saam te werk as die para-militaristiese Black Panther.
- Enige ander relevante antwoord.

SLOT

- Kandidaat moet hulle argument saamvat in 'n relevante gevolgtrekking. **[50]**

GROOTTOTAAL: [150]